eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur | 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 1 BEGROTINGS (36 punte; 43 minute)

Die volgende inligting het op Biker Barn (Edms) Bpk betrekking.

Biker Barn (Edms) Bpk is een van Namibië se toonaangewende maatskappye vir die bou en versiening van doelgemaakte motorfietse. Biker Barn (Edms) Bpk handhaaf 'n winsgrens van 60% op koste.

Die onderneming het onlangs 'n daling in die verkope van onderdele en valhelms gesien vanweë wêreldwye tekorte en hawevertragings, maar ondervind geweldige groei in hul motorfietsversieningsafdeling vanweë die toestand van stedelike paaie. Kliënte wil die nuttige lewensduur van hul motorfietse deur gereelde versiening verleng. Biker Barn (Edms) Bpk vra kontant vooruit vir hierdie diens. Vir verkope bied hulle egter beide kontant- en kredietopsies vir hul klante aan.

Biker Barn (Edms) Bpk
Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die drie maande eindigende Maart 2024

	Januarie R	Februarie R	Maart R
Ontvangste			
Kontantverkope	**E**	572 000	
Kontant van debiteure ontvang		?	
Herstelwerkfooie-inkomste	621 000	745 200	894 240
Lening: Namib Bank (10,5% p.j.)			**F**
Betalings			
Kontantaankope van onderdele		**G**	
Betaling aan onderdelekrediteure			**H**
Huur	**I**	87 000	87 000
Lone	850 000	850 000	850 000
Terugbetaling van lening			6 750
Rente op lening (10,5% p.j.)	700	700	1 575
Skenkings	5 000	5 000	5 000
Oliewegdoeningsfooi	7 500	7 500	7 500

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

Bykomende inligting

1. Vanweë die wêreldwye tekort aan onderdele verwag Biker Barn (Edms) Bpk dat hul verkope van onderdele in Februarie met 20% sal daal, maar dan in Maart met 5% sal styg.

2. Krediet- tot kontantverkope word verdeel in die verhouding 4:1.

   - 'n Persentasie van hul debiteure betaal in dieselfde maand as die transaksie om 'n 5%-korting vir vroeë vereffening te ontvang.
   - 'n Sekere persentasie debiteure betaal in die maand na die transaksie en die res betaal in die tweede maand na die transaksie.
   - 2% van debiteure sal na verwagting in die derde maand as oninbare skuld afgeskryf word.

3. Biker Barn (Edms) Bpk sal op 1 Maart 2024 'n **bykomende lening** aangaan om die uitbreiding van die onderneming te befonds. Die verhoogde leningterugbetalings sal van 1 Maart 2024 van krag wees.

4. Biker Barn (Edms) Bpk beoog om 'n vastebasisvlak van voorraad te handhaaf.

   - Onderdele ter waarde van R1 000 word elke maand aan 'n plaaslike slaggat-herstelorganisasie geskenk.
   - 50% van onderdele word vir kontant gekoop om voordeel te trek uit 'n 10%-kontantkorting.
   - 50% van onderdelekrediteure word in die maand na die transaksie betaal en die ander helfte in die maand daarna.

5. Vanweë die verhoogde vraag van kliënte na motorfietsversiening oorweeg Biker Barn (Edms) Bpk dit om hul bedrywighede in Windhoek uit te brei. Die onderneming sal bykomende personeel wat lone verdien, moet aanstel en sal hul perseel moet uitbrei. Gevolglik sal hul huur met 'n bykomende 45% per maand styg. Dit sal na verwagting in Februarie 2024 plaasvind.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING (37 punte; 44 minute)

Inligting aangaande Motus Beherend Beperk

Motus Beherend Beperk (Motus) is Suid-Afrika se voorste motorvoertuiggroep met 'n geselekteerde internasionale teenwoordigheid in die VK, Australië, Suidoos-Asië en Suider- en Oos-Afrika. In 2023 beoog hulle om hul voetspoor in Afrika uit te brei.

Hul geïntegreerde sakemodel bestaan uit:

- Invoer en verspreiding van passasiers- en ligte motorvoertuie vir Hyundai, Kia, Renault en Mitsubishi.
- Kleinhandelverkope van nuwe en voorafeienaarpassasiers- en kommersiële voertuie deur Motus-agentskappe.
- Verhuring van voertuie deur die Europcar- en Tempest-handelsmerk wat hoofsaaklik by lughawens en in groot metropolitaanse gebiede geleë is. Hierdie inkomste word as huurgeldinkomste geklassifiseer.
- Verskaffing van vlootbestuursdienste.
- Verspreiding en kleinhandelverkope van onderdele.

Motus Beherend Bpk
Aangepaste Staat van Finansiële Posisie soos op 30 Junie:

	2022 R' miljoen	2021 R' miljoen
BATES		
Niebedryfsbates	33 160	32 557
Bedryfsbates	29 126	25 168
Voorraad	18 723	15 188
Kontant en kontantekwivalente	1 481	1 729
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	8 922	8 251
TOTALE BATES	**62 286**	**57 725**
AANDEELHOUERSBELANG	33 392	31 434
Aandelekapitaal	20 638	21 804
Reserwes en behoue inkomste	12 754	9 630
LASTE		
Niebedryfslaste	8 088	6 332
Bedryfslaste	20 806	19 959
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	**62 286**	**57 725**

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

Motus Beherend Beperk
Aangepaste uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie:

	2022 R' miljoen	2021 R' miljoen
Finansieringskoste (rente)	(495)	(544)
Netto wins voor belasting	9 238	6 059
Inkomstebelastinguitgawe	(1 135)	(718)
Netto wins na belasting	8 103	5 341

Motus Beherend Beperk
Opsomming van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2022

	2022 R' miljoen
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	2 733
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(1 463)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(1 363)

Motus Beherend Beperk
Bykomende inligting vir die jaar geëindig 30 Junie:

	2022	2021
Bedryfsverhouding	1,40 : 1	1,26 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,50 : 1
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	25%	17%
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	?	15%
Skuld : ekwiteit	0,24 : 1	
Verdienste per aandeel	?	1 254 sent
Dividende per aandeel	710 sent	415 sent
Getal aandele uitgereik	426 025 000	
Netto batewaarde per aandeel	?	
Gemiddelde rente op geleende fondse	12%	
Genoteerde prys op die JEB	10 700 sent	

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 3 VERSOENINGS (27 punte; 33 minute)

Inligting aangaande Mbabane Handelaars

Jy is aangestel as 'n junior rekenmeester van Mbabane Handelaars. Dit is geleë in die stad Mbabane in Eswatini.

DEEL A

Een van jou verantwoordelikhede is die ouderdomsontleding van debiteure vir die state wat aan debiteure uitgereik word.

MBABANE HANDELAARS

Aan: Swazi Winkels
Mpaka Rylaan 3
Mpaka-Stad

Datum: 30 November 2023

Opsomming van Debiteurerekening

2023		Transaksie	Debiet	Krediet	Saldo
Aug	01	Saldo			6 600
	07	Faktuur 403	52 500		59 100
	14	EFO		6 435	52 665
	14	Korting		165	52 500
Sept	11	Faktuur 434	28 500		81 000
	11	Kredietnota 25		3 600	77 400
Okt	06	Faktuur 460	44 100		121 500
	15	Rente	270		121 770
	22	EFO		55 100	66 670
Nov	03	Faktuur 478	8 100		74 770
	15	EFO		22 600	52 170
		Totale uitstaande saldo			52 170

Bepalings:
- Korting van 2,5% per maand indien betaling binne 30 dae (die maand na die verkoop) gedoen word.
- Rente van 2% per maand sal gehef word op fakture wat meer as 60 dae agterstallig is.

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

DEEL B

Nog een van jou maandelikse pligte is die versoening van krediteure. Big Bend Groothandelaars, 'n verskaffer van Mbabane Handelaars, het hul staat gedateer 31 Oktober 2023 per e-pos gestuur en die staat toon 'n uitstaande bedrag van R459 159.

Die Krediteurelys van Mbabane Handelaars op 31 Oktober 2023 dui 'n saldo van R338 839 aan.

Toe die staat van Big Bend Groothandelaars en die Krediteuregrootboek vergelyk word, ontdek jy die volgende:

A. Faktuur 270 vir R95 600 is twee keer op die staat gedebiteer.

B. Kredietnota 101 vir R2 700 is korrek in die Krediteuregrootboek opgeteken, maar word as 'n faktuur op die staat aangedui.

C. Faktuur 350 vir R226 000 is deur Big Bend Groothandelaars ten opsigte van 'n ander onderneming, Mbabane Winkels, uitgemaak, maar verskyn verkeerdelik op Big Bend Groothandelaars se staat aan Mbabane Handelaars. Die boekhouer van Mbabane Handelaars het die faktuur ook verkeerd in die Krediteurejoernaal vasgelê.

D. Faktuur 246 is korrek in die Krediteurejoernaal vasgelê vir R170 600, maar op die staat word dit as R107 600 weerspieël.

E. Kredietnota 106 vir R15 300 word op die handelaarstaat ingesluit, maar aan die debietkant.

F. Big Bend Groothandelaars laat gewoonlik 'n 6,5%-handelskorting toe op aankope van R120 000 en meer. Toe faktuur 285 vir die bedrag van R120 000 vasgelê is, is die handelskorting nie in die rekords van Mbabane Handelaars in ag geneem nie, maar dit is korrek hanteer deur Big Bend Groothandelaars.

G. Faktuur 301 ten opsigte van goedere wat op 31 Oktober 2023 gekoop is, word korrek aan die debietkant van die staat weerspieël vir 'n bedrag van R85 400, maar Mbabane Handelaars het hierdie transaksie nie in rekening gebring nie.

H. Faktuur 305 vir 'n bedrag van R5 600 is in die Krediteurejoernaal ingeskryf as R6 500.

I. Op 31 Oktober 2023 het Big Bend Groothandelaars twee tweedehandse kleurdrukkers vir R10 200 elk aan Mbabane Handelaars verkoop om in die kantoor van Mbabane Handelaars gebruik te word. Daar is geen rekord in hierdie verband in beide Big Bend Groothandelaars en Mbabane Handelaars se rekeningkundige rekords nie. Faktuur 314 is in hierdie verband uitgereik.

J. Die staat weerspieël 'n faktuur, nommer 320, ten opsigte van 'n bestelling wat op 31 Oktober 2023 geplaas is vir R28 660. Die goedere sal in November 2023 ontvang word.

K. Die bedrag wat op 20 Oktober 2023 aan Big Bend Groothandelaars betaal is, beloop R560 260. Dit is egter verkeerdelik in die Krediteuregrootboek opgeteken as R506 620. Die bedrag is korrek in die boeke van Big Bend Groothandelaars opgeteken.

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023